RIVIERE
EENHEID 3

- Al is SA ‘n droë land, is daar talle riviere.
- Sommige riviere is **baie groot** en **vloei dwarsdeur die jaar**, terwyl ander riviere **slegs in reënseisoene** vloei.
- Riviere kan die land verander deur die manier waarop hulle vloei, omdat **grond weggespoel word** en **diep valleie gevorm word**.

- Riviere vloei **ALTYD afwaarts na die seevlak.**
- Sommige riviere in SA vloei honderde kilometers voor dit die see bereik.
- Die Oranjerivier is bv. 2100 km lank.
- Ander riviere, soos die Mfoloziriver, is slegs 50 km lank.

Waar riviere begin en eindig

- Op ‘n kaart is dit baie maklik om die **hoë en lae** plekke te sien, wanneer ‘n mens dit vanaf sy **oorsprong (begin)** in die berge tot by sy mond (waar hy eindig) in die see volg.
- Water vloei **altyd vanaf hoë na lae plekke**.

Rivierstelsels

- **Klein spruitjies** kan bymekaar **aansluit om riviere te vorm**.
- Klein riviere kan in **groter riviere invloei**.
- ‘n Spruit of rivier wat in ‘n groter rivier invloei, word ‘n **sytak** genoem.
- ‘n Rivier kry water van sy verskillende sytakke.
- Riviere en spruite wat by mekaar aansluit is almal in dieselfde **opvanggebied**.
- Al die riviere en spruite in ‘n opvanggebied vorm saam ‘n **rivierstelsel**.

Sleutelwoorde

Nuwe woorde	Definisie
Oorsprong	Die begin van ‘n rivier of spruit
Mond	Waar ‘n rivier in die see vloei
Spruit	‘n Klein riviertjie
Sytak	‘n Spruit of rivier wat in ‘n groter rivier vloei
Opvanggebied	Die gebied waaruit ‘n rivier en sy sytakke water kry
Rivierstelsel	Al die riviere en spruite in ‘n opvanggebied